

**Woensdag 24 April**

**Skrifgedeelte: Psalm 40**

**Fokusgedeelte: Psalm 40:7**

### **Uitkoms uit die doodloopstraat**

“Put van ... slymerige modder”, noem ons Skrifgedeelte (vs 3) dié toestand: wanneer “ramp op ramp” my oorval en ek sug my probleme “is meer as die hare op my kop” (vs 13). Sulke omstandighede word nog moeilik om te hanteer as ek soos Dawid met eerlikheid insien dat baie van my probleme my eie skuld is (vs 13). Wat doen ’n mens in sulke omstandighede? Die Heilige Gees gee in Psalm 40 twee antwoorde:

Eerstens moet jy nie ophou om na God te vlug nie. Lees weer in vers 12, 14 en 18 hoe Dawid by God pleit en smee. Soos Dawid het ook jy ’n geskiedenis van redding. God het al in die verlede gered – sal Hy nou ophou om aan jou te dink (vs 6)? “Dit gaan goed met die mens wat sy vertrou in die Here stel” (vs 5). Bly dus biddend voor God.

Tweedens is dit belangrik dat jy sal verstaan wat God van jou wil hê. God wil hê dat jy Hom gehoorsaam (vs 7). Gehoorsaamheid is vir God belangriker as allerhande soorte offers. Al sien jy nie die langtermynoplossing vir jou probleme nie, kan jy begin deur jou af te vra: Hoe, en in wat, kan ek God nou, op hierdie oomblik, gehoorsaam?

Dis baie troosvol om te weet dat die Nuwe Testament hierdie Psalm op Jesus Christus betrek. Christus het deur sy offer aan die kruis die wet vir ons vervul (Heb. 10:5-10). My en jou gehoorsaamheid is dus nie iets waardeur ons onself red nie. Nee, ons gehoorsaamheid is ’n dankbare vasgryp aan Jesus se volmaakte gehoorsaamheid in ons plek. Op grond van Christus se verdienste wil God ons sekerlik verhoor. Deur Hom word ’n nuwe lied in ons mond gelê (vs 4) en kan ons met blydschap getuig (vs 10): “Die Here het my verlos!”

*Sing: Psalm 40-1:1, 8*

*Dr. WC Vergeer (Wim) (Krugersdorp)*